



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MEI 2015 Nr 69

VBO-WINTERWEEK 2015 – “JUBEL EN HOOP”

22 – 24 Junie 2015

Universiteit van die Vrystaat – Bloemfontein

Hierdie jaar se VBO-Winterweek sluit aan by die 150 Jaar feesvieringe van die Vrystaat Sinode. Hieronder is 'n uittreksel uit die dokument van die Moderamen, wat die temas, sprekers en die beplanning van die program help bepaal het:

"Tydens hul eerste vergadering vir die nuwe termyn het die Moderamen tot die oortuiging gekom dat die NG Kerk Vrystaat by 'n *kairos*-moment aangekom het. Ons is kerk in die Vrystaat in 'n konteks met vele uitdagings en kan nie anders as om nou geloofsonderskeidend na die verskeidenheid van stemme te luister, maar veral na die Woord en Gees van die Here. Die Moderamen sien hierdie bediening van die hoop in die volgende termyn - 2013 tot 2016 - van lewensbelang vanweë ses groot uitdagings en wil graag strategies en konstruktief daarop fokus:

- **Geestelike verdieping en teologiese visioenering**, wat by die leierskap van die NG Kerk Vrystaat (Sinodaal en gemeentelik) begin en deurwerk na elke lidmaat.
- Die enorme omvang **van 'n veranderde sosio-ekonomiese werklikheid** waarin ons in die Vrystaat leef, meegebring deur groot demografiese skuiwe, die politieke omwenteling van 1994 en daarná, gebrekkige skool- en naskoolse onderwys en opleiding en wêreldwye ekonomiese tendense wat onder andere by ons uitspeel in groter verarming, 'n ontstellend-groeiende gaping tussen ryk en arm, werksverlies en werkloosheid, arbeidsonrus en sosiale onstabiliteit, misdaad en korrupsie.
- In hierdie verband kan ons ons oë nie sluit vir die **ekonomiese van ekologie** nie: ons leef in 'n provinsie waarin die hulpbronne van grond, water, minerale en ander lewensmiddele, al meer onder druk kom.
- Ons leef in 'n wêreld waarin **'n digitale kultuur** al meer ons werklikheid en ons belewenis daarvan, vorm. Hierin gaan die jonger generasies ons voor en is dit nodig om te luister en te leer hoe daardie wêreld vir hulle lyk en werk; 'n wêreld wat inderdaad 'n "global village" geword het en waar inligting teen 'n verbysterende tempo groei, maar wat egter nie altyd goeie inligting beteken nie.
- In só 'n wêreld soos hierbo raakgesien, vól diversiteit en spanninge, is die sigbaarmaking die **eenheid** van die kerk, **versoening** in Christus met God en mekaar en die doen van **geregtigheid**, 'n roeping wat ons nie mag versaak nie.
- Sou die NG Kerk Vrystaat hierdie uitdagings wil aanpak om werklik die hoop wat in ons harte leef in hierdie konteks te bedien, sal ons by onself moet begin. Daarom is **kerklike transformasie** noodsaaklik."

Sprekers wat bogenoemde tema's gaan hanteer en reeds bevestig het: Fanie Snyman, Jan Albert van den Berg, Lochner Marais en Jan Lubbe.

Koste: R680.00 per persoon, wat die konferensie, etes en materiaal insluit.

Verbylf: Indien u gratis by lidmate in Bloemfontein, wat kamers hiervoor aanbied, wil tuisgaan, skakel asseblief vir Joanie by 051 406 6732.

Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029

VBO-Punte: 30

Betaling: NG Kerk OVS, ABSA tjek 470 000 406; Takkode: 334-134; Verwysing: VBO/naam + van (**NB! Faks bewys van betaling na 086 502 0818**)